# Broederliefde (19-04-2019)

**Die liefde...**

**Met 'n nuwe benadering, mag ons egter met 'n nuwe oor daarna luister.**

**Hierdie onderwerp is al holruggery en mense is al afgestomp en doof daarna geluister. Dit gaan by die een oor in en by die ander oor uit.**

**Hierdie is 'n saak met twee kante. Aan die een kant het ons die mooi wat daaruit voortspruit, naamlik hope seën, vergenoegdheid, volheid en ook vreugde.**

**Aan die ander kant egter het ons die sleg wat daaruit voortspruit, naamlik nyd, haat en uiteindelik ook die oordeel.**

Exodus 20:17 Jy mag nie jou naaste se huis begeer nie; jy mag nie jou naaste se vrou begeer nie, of sy dienskneg of sy diensmaagd, of sy os of sy esel of iets wat van jou naaste is nie. 16 Jy mag geen valse getuienis teen jou naaste spreek nie. 15 Jy mag nie steel nie. 14 Jy mag nie egbreek nie. 13 Jy mag nie doodslaan nie.

Matthéüs 22:37 En Jesus antwoord hom: Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. 38 Dit is die eerste en groot gebod. 39 En die tweede wat hiermee gelykstaan: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.

Levítikus 19:18 Jy mag nie wraakgierig of haatdraend teenoor die kinders van jou volk wees nie, maar jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Ek is die HERE.

Matthéüs 22: 39 En die tweede wat hiermee gelykstaan: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.

Levítikus 19:16 Jy mag nie as 'n kwaadspreker onder jou volksgenote rondloop nie. Jy mag nie teen die lewe van jou naaste optree nie. Ek is die HERE. 17 Jy mag jou broer in jou hart nie haat nie. Jy moet jou naaste vrymoedig berispe, sodat jy om sy ontwil geen sonde op jou laai nie.

Matthéüs 5:23 As jy dan jou gawe na die altaar bring en dit jou daar byval dat jou broeder iets teen jou het, 24 laat jou gawe daar voor die altaar bly en gaan versoen jou eers met jou broeder, en kom dan en bring jou gawe.

Johannes 13:1 En voor die fees van die pasga het Jesus, omdat Hy wis dat sy uur gekom het dat Hy uit hierdie wêreld sou oorgaan na die Vader, en omdat Hy sy eie mense in die wêreld liefgehad het, hulle liefgehad tot die einde toe.

1 Petrus 3:8  En eindelik, wees almal eensgesind, medelydend, vol broederliefde en ontferming, vriendelik. 9  Vergeld geen kwaad met kwaad of skeldwoorde met skeldwoorde nie, maar seën inteendeel, omdat julle weet dat julle hiertoe geroep is, sodat julle seën kan beërwe.

1 Thessalonicense 4:9  Oor die broederliefde het julle nie nodig dat ons julle skrywe nie, want julle is self deur God geleer om mekaar lief te hê;

Hebreërs 13:1  Die broederliefde moet bly.

DAAR STAAN ÓÓK GESKRYWE